GIMMIE-NUUS

LANGENHOVEN GIMNASIUM OUDTSHOORN

Privaatsak X611 Tel. 044 272 2151/2 Faks 044 272 6254
e-pos admin@lgim.co.za Web: www.langenhovengim.co.za

UITGAWE 30/2021 GIMMIES VIR UITNEMENDHEID 29 Oktober 2021

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Ouers, Personeel en Leerlinge

Iets vir ons pa's: *"Wanneer 'n man agterkom dat hy niks vir sy vrou kan wegsteek nie, kan hy maar weet dat hy haar liefhet." Paul Géraldi.*

Ma's: *"Enige ma kan die werk van meer as een vlugkontroleur by 'n besige lughawe met gemak hanteer." Lisa Alther.*

Kinders: *"Kinders is lewende boodskappe wat ons die toekoms instuur, na 'n tyd wat ons self nie sal sien nie." John Whitehead.*

Ons het elkeen 'n baie groot verantwoordelikheid, teenoor onsself, maar veral teenoor mekaar. Mag ons so ingestel wees dat ons by mekaar sal leer, maar ook vir mekaar tot voordeel sal wees. Verdraagsaamheid, begrip, omgee en liefde is maar enkeles.

Die akademiese jaar spoed na sy einde, ons matrieks is volstoom aan die gang en die res van ons leerlinge sal binne die volgende twee weke ook met hulle laaste eksamen van 2021 begin. Ouers, neem asseblief kennis dat ons 'n volledige eksamen sal skryf. Ons besef dat ons kinders as gevolg van die vorige voorskrifte ten opsigte van eksamen, "lui" geraak het. Ons het ook gevind dat hulle nie eksamenfiks is nie. Ons matrieks het dit moeilik gevind om tydens die September-eksamen vir drie uur op een plek stil te sit en te konsentreer. Ons het 'n groot verantwoordelikheid om die kinders so gou moontlik in 'n normale roetine te kry. Gelukkig word ons versoek tot 'n volledige eksamen deur die WKOD erken en ondersteun.

Geniet u naweek, onthou ook om 'n verskil in ander se lewens te maak deur bewus te wees van mekaar se behoeftes. Gee om, wees besorg en maak 'n verskil.

Vriendelike groete.

Stephanus Potgieter

1. BELANGRIKE DATUMS

Vrydag 29 Oktober: Dag 6

Saterdag 30 Oktober:
o/15-krieket teen Oakdale (T)
o/19-krieket teen Sentraal (W)

Sondag 31 Oktober:
Voorstelling: NG Park

Maandag 1 November:
Stemdag/Openbare vakansiedag

Dinsdag 2 November: Dag 1

Woensdag 3 November: Dag 2
Matriekeksamen: 09:00 – 11:00: Afrikaans Huistaal Vraestel 1

Donderdag 4 November: Dag 3

Vrydag 5 November: Dag 4
Matriekeksamen:
09:00 – 12:00: Wiskunde Vraestel 1
09:00 – 12:00: Wiskundige Geletterdheid Vraestel 1
09:00 – 12:00: Tegniese Wiskunde Vr. 1

Saterdag 6 November:
o/15-krieket teen Bridgton RPC (W)
o/19-krieket geen Glenwood House (T)

Sondag 7 November:

2. VERJAARSDAE

Baie geluk aan die volgende leerders wat gedurende die week verjaar. Mag julle 'n wonderlike nuwe lewensjaar hê.

1 November: Jodi-Ann Prince
Shirley le Roux
2 November: Lourens Oosthuizen
Zander-Lee Solomons
Ethan Koema
Jandré Olivier
3 November: Ethan Barnard
4 November: Ian McGear
Lohané du Plessis
Marné Siebrits

3. SKOOL- EN KOSHUISGELDE: 2022

Tydens die begrotingsvergadering op 23 September 2021 is dit deur ouers goedgekeur dat die skool- en koshuisgeld vir 2022 soos volg sal wees:

Skoolgeld:

R17 600 per leerder per jaar.
Eerste paaiement: R1 800
Per maand (10 paaiemente): R1 580
Per kwartaal: R3 950

Bankbesonderhede:

ABSA – Rekeningnommer: 105 885 0256
Takkode: 632005
Verwysingsnommer: Soos op rekeningstaat

Koshuisgeld:

R27 200 per jaar + R100 koshuisfonds
Per maand (10 paaiemente): R2 720
Per kwartaal: R6 800
Breekskade vir eerste toetreders: R500

Bankbesonderhede:

ABSA – Rekeningnommer: 105 886 0251
Takkode: 632005
Verwysingsnommer: Soos op rekeningstaat

4. KLAVIERE OP TENDER TE KOOP

Die skool besit twee ou klaviere wat op tender beskikbaar is. Hierdie klaviere kan by Aristo laerskoolkoshuis se voordeur, by me. Laura Opperman op Vrydag 29 Oktober vanaf 13:30 tot 14:00 besigtig word. 'n Tenderbedrag kan per klavier in 'n geseëlde koevert by die ontvangs van die skool ingehandig word vanaf Dinsdag 2 November tot Donderdag 4 November wanneer alle tenders om 15:00 sluit. Die koevert kan geadresseer word aan: Die Skoolhoof: Klavier

5. UITSLAE

1STE SPAN KRIEKET TEEN OAKDALE

Oakdale kolf eerste en teken 127 almal uit aan in 41 boulbeurte. Beste boulers: Kamvalihle Qusheka met 3 paaltjies vir 18 lopies, Ben-Pierre du Plessis met 3 paaltjies vir 31 lopies en Christiaan Barnard met 2 paaltjies vir 18 lopies.

Ons behaal 128/4 in 40 boulbeurte. Beste kolwers: Ben-Pierre du Plessis met 25 lopies en Jaco Victor met 25 lopies.

Ons wen die wedstryd met 6 paaltjies.

O/15 KRIEKET TEEN HOËRSKOOL OUDTSHOORN

Hoërskool Oudtshoorn kolf eerste en teken 42 lopies almal uit aan in 16 boulbeurte. Beste boulers: Juvandré Alexander met 2 paaltjies vir 9 lopies en Christiaan Stover met 2 paaltjies vir 3 lopies.

Ons behaal 44 lopies vir 2 paaltjies in 9 boulbeurte. Beste kolwers: Cameron Avontuur met 12 lopies en Juvandré Alexander met 10 lopies.

Ons wen die wedstryd met 8 paaltjies.

FIETSRY

Drie van ons leerders het Eden kleure in verskillende fietsry-katergorieë behaal:

Gert Beukes: MTB XCM
Louis Venter: MTB XCM
Zoë Arndt: Padwedren en Tydtoets

Baie geluk!

SKAAK

Luzandri Kuyler het 'n bronsmedalje behaal in die Wes-Kaapskole skaaktoernooi wat op 23 Oktober 2021 plaasgevind het. Sy gaan by die volgende Nasionale toernooi die Wes-Kaap verteenwoordig.

Baie geluk en sterkte, Luzandri.